Toerustingsburo Interkulturele Werkers (TIW)

Hugenote Kollege

TIW help gemeentes om lidmate toe te rus vir interkulturele dienswerk in gemeentes en die gemeenskap

Visie

Kerklike werkers wat toegerus is om optimale diens in ’n interkulturele konteks te lewer.

Missie

TIW ontwikkel toepaslike kursusse en staan gemeentes by om interkulturele kerklike werkers omvattend toe te rus en te versorg vir hulle uitdagende diens in die Koninkryk van God.

Toerustingsprogramme op aanvraag:

Op aanvraag kan TIW gemeentes help om hulle lidmate toe te rus vir interkulturele dienswerk ten opsigte van die volgende:

➢ Toerusting van lidmate wat kruiskulturele werksaam is

Hierdie kursus fokus op die toerusting van lidmate wat op ’n voltydse of deeltydse basis in hulle nabye omgewing by kerklike dienswerk in ’n interkulturele konteks werksaam is soos bv. by kleuterskole, versorging van Vigswesies en maatskaplike werk. Die toerusting bestaan uit kontaksessies wat ’n minimum van sowat 10 uur vereis met vrywillige selfstudie onder leiding van ’n mentor na afloop van die kontaksessies. Die kursus kan oor ’n naweek afgehandel word.

➢ Korttermynuitreikspanne

Hierdie kursus wat in die geheel gemaklik oor ’n naweek aangebied kan word, is daarop gemik om uitreikspanne toe te rus om hulle uitreike behoorlik te beplan, die span voor te berei vir die uitreik en inligting en wenke te gee wat tydens die uitreik van waarde kan wees om te verseker dat ’n uitreik optimale vrug lewer. Verkorte weergawes van die kursus kan ook aangebied word.

➢ Toerusting vir interkulturele kerklike werkers in die buiteland.

Die doel van die kursus oor 10 dae is om voornemende voltydse sendelinge of ander kerklike werkers op ’n oorsigtelike wyse te oriënteer vir hulle dienswerk in ’n vreemde land en kultuur en hulle te motiveer en behulpsaam te wees met verdere toepaslike toerusting vir hulle spesifieke dienswerk.

➢ Toerusting t.o.v. spesifieke aspekte van interkulturele dienswerk

TIW bied ook op versoek kort kursusse aan oor spesifieke aspekte van interkulturele dienswerk soos bv.:

- Die aard en werking van kultuur
- Interkulturele kommunikasie
- Taalverwerwing
- Kruiskulturele verkondiging van die evangelie

Die aard en opset van die toerusting

TIW streef daarna om die toerustingsprogramme te skoei na die spesifieke behoeftes en situasie van ’n gemeente of die lidmate wat toegerus moet word. Om dit te bereik beplan TIW en die gemeentes die toerustingsprogram saam met inagneming van die uitkomste wat die gemeente wil bereik, die getalle teenwoordig en die tyd en fondse beskikbaar vir die toerusting.

Kostes

Reis- en verblyfkostes moet deur die gemeentes gedek word. Kostes verbonde aan die toerusting is onderhandelbaar.

Toerustingsprogramme wat TIW self organiseer:

TIW nooi gemeentes en lidmate ook uit na toerustingsgeleenthede wat die Buro self van tyd tot tyd organiseer en aanbied. Die volgende toerustingsgeleenthede is reeds beplan vir 2006:

➢ Kursusse vir voornemende sendelinge

Wanneer	**:** 31 Maart – 9 April 2006	23 Junie – 2 Julie 2006
Waar	**:** Westonaria	Wellington
Sluitingsdatum	**:** 15 Maart 2006	9 Junie 2006
Taal	**:** Afrikaans/Engels	

➢ Konferensie oor Korttermynuitreike

Wanneer : 22 April 2006
Waar : NG Wellington-Oos

Tyd : 0830 – 1630

- **Kursus oor Plakkerskampbedieninge**

Wanneer : 28-29 Maart 2006
Waar : Pretoria

Inskrywingsvorms en navrae

Dr. R. van Velden. Tel. 021-8731181(k); 0828574368; E-pos: tiw@hugenote.co.za